



# AKSYNSBELASTING

## NOODSAAKLIKE BELASTINGGIDS

---

Follow us on



**25** YEARS  
ANNIVERSARY  
At Your Service  
1997 - 2022

**SARS**  
At Your Service

# AKSYNSGIDS VIR KLEINSAKE- ONDERNEMINGS

## Wat is aksynsbelasting?

Aksynsbelasting is indirekte heffings, regte en belastings gehef op bepaalde plaaslikvervaardigde en ingevoerde goedere wat in Suid-Afrika verbruik word. Aksynswetgewing maak voorsiening vir bepaalde goedere om belas te word by die punt naaste aan waar dit vervaardig word.

Die inkomste-genererende oogmerk van aksynsbelasting, is om die regering se uitgawes vir onderwys, behuising, gesondheid, ens. deur die jaarlikse begroting te finansier. Nog 'n oogmerk is om die belasting te gebruik as instrument om die gebruik van bepaalde produkte, wat potensieel skadelik is vir die omgewing en burgers se gesondheid, te ontmoedig. Hieronder volg sommige van die aksynsheffings en -regte.

**1. Aksynsregte** word regoor die Suider Afrikaanse Doeane Unie (SACU)-lande gehef, wat insluit Botswana, Lesotho, Namibië, Eswatini en Suid-Afrika. Dieselfde heffingskoers wat op bepaalde produkte in Suid-Afrika van toepassing is, is regdeur die SACU-streek van toepassing.

Bepaalde aksynsregte word gehef op items gespesifiseer in deel 2A van bylaag 1 tot die Wet op Doeane en Aksyns, 1964 (die wet), naamlik:

- » Tradisionele Afrika-bier en -poeier, is bier gemaak van gegiste biermout of ongemoute graan, met 'n alkoholsterkte wat nie 3,5% per volume oorskry nie.
- » Moutbier (deursigte bier gemaak van gegiste mout met 'n alkoholsterkte van 3% tot 6% per volume).
- » Wyn en vermoet
  - Onversterkte (natuurlike) wyn- en vermoetsoorte, verkry deur die natuurlike gissingsproses van druiwe/sap van vars druiwe, tot 'n alkoholiese sterkte van minstens 4,5% per volume, maar wat nie 16.5% per volume oorskry nie.

- Versterkte wyn- en vermoetsoorte, verkry deur die toevoeging van wynspiritus by onversterkte (natuurlike) wyn en vermoet, tot 'n alkoholsterkte van minstens 15% per volume, maar wat nie 22% per volume oorskry nie.
  - Vonkelwyn en -vermoet, verkry deur die verhoging van die oorskrydende druk van onversterkte (natuurlike) wyn en vermoet tot minstens 300 kPa teen 20°C.
- » Ander gegiste drank [gemaak van gegiste vrugte (uitsluitend druiwe), graan vir heuning, wat met ander drank gemeng kan wees. Onversterkte ander gegiste drank het tipies 'n alkoholsterkte van 2.5% tot 15% per volume, en wanneer versterk met ander spiritus, het dit tipies 'n alkoholsterkte van 15% tot 23% per volume).
  - » Spiritus en sterk drank (gemaak van gedistilleerde wyn, graan, vrugte, suikerriet, stysels, ens. vir tipiese alkoholsterkte van 40% per volume. Ook gemaak van afgetrekte alkohol van gegiste vrugte, met spiritus bygevoeg vir alkoholsterkte van 15% tot 23% per volume).
  - » Petroleumprodukte (bv. petrol, diesel, biodiesel, ens.).
  - » Tabakprodukte [sigarette, sigarettabak, sigare, pytabak, waterpytabak (hubbly bubbly), verhitte tabakprodukte, ens.].

Ad valorem aksynsregte is belasting gehef op die waarde van goedere, en dit word gehef op die items gelys in deel 2B van bylaag 1 tot die wet, insluitend:

- » Elektroniese ware en -speletjies
- » Pelsklerasie
- » Kosmetiese ware en parfums
- » Vuurwerke en vuurwapens
- » Selfone
- » Motorvoertuie

**Aksynsheffings is uniek aan elke SACU-ledeland.**

## Askynsregte gehef deur Suid-Afrika



Brandstofheffing op petroleumprodukte gehef op die items gelys in deel 5A van die eerste bylaag tot die wet.



POF (padongelukfondse)-heffing op petroleumprodukte gehef op items gelys in deel 5B van die eerste bylaag tot die wet.



Omgewingsheffing gehef op die items gelys in die toepaslike afdeling, soos hieronder genoem, van deel 3 van die eerste bylaag tot die wet. Die onderskeie kategorieë is:

- Bepaalde plastieksakke (afdeling A van deel 3)
- Opwek van elektrisiteit uit nieherwinbare bronne (afdeling B van deel 3)
- Elektriese filament(gloeidraad)lampe (afdeling C van deel 3)
- Koolstofdiksied (CO<sub>2</sub>)-uitlatings van nuwe motorvoertuie (afdeling D van deel 3)
- Rubberbande (afdeling E van deel 3)
- Koolstofdiksied gelykstaande aan kweekhuisgasuitlatings (KHG) (afdeling F van deel 3)



Gesondheidsbevorderingsheffing, gehef op die items gelys in die toepaslike afdeling, soos hieronder genoem, van deel 7 van die eerste bylaag tot die wet. Die onderskeie kategorieë is:

- Suikerversoete-koeldranke (afdeling A van deel 7)
- Voorbereidings en konsentrate vir die maak van suikerversoete-koeldranke (afdeling A van deel 7)



Diamantuitvoerheffing op ongepoleerde diamante van Suid-Afrika uigevoer



Lugpassasiersbelasting



Heffing op die internasionale vergoedingsfonds vir oliebesoedeling (IOPCF)

## Hoe om te lisensieer/registreer vir aksynsbelasting

Voordat enige handelaar kan handeldryf met goedere wat onderhewig is aan aksynsregte of -heffings word daar, ingevolge afdelings 59A en 60 gelees met hul reëls van die Wet op Doeane en Aksyns, vereis dat sodanige handelaars registreer of 'n lisensie bekom vir vervaardiging of stoor, deur die toepaslike aansoekvorms en bylae te voltooi (soos omskryf in reëls 59A en 60) en dit in te dien, tesame met die vereiste stawende dokumente, by die naaste doeane- en askynstak.

Ongerekenariseerde registrasie- en lisensiëring (vorm DA185) met toepaslike bylae en stawende dokumente, soos gelys ingevolge reël 59A en 60 van die Wet op Doeane en Aksyns.

- » Registrasie vir diamantuitvoerheffing (vorm DL185) met stawende dokumente soos gelys ingevolge afdeling 2 van die Wet op Diamantuitvoerheffing (Administrasie) van 2007.
- » Agente se aansoek om registrasie/kansellasie of verandering van registrasiebesonderhdede (vorm APT101) vir lugpassasiersbelasting ingevolge reël 47B van die Wet op Doeane en Aksyns.
- » Operateurs se aansoek om registrasie/kansellasie of verandering van registrasiebesonderhdede (vorm APT102) vir lugpassasiersbelasting ingevolge reël 47B van die Wet op Doeane en Aksyns.

Met lisensiëring en registrasie, kan SARS 'n toepaslike borg bepaal wat deur die kliënt aanhangig gemaak moet word.

## Kortings en terugbetalings van aksynsregte en -heffings

Artikel 6 van die wet, omskryf kortings en terugbetalings van aksyns-, brandstof-, padongelukfondse-, omgewings- en gesondheidsbevorderingsheffings.

- » Indien hefbare produkte gebruik word ingevolge die voorgeskrewe artikel 6-bepalings van die wet, kan sodanige produkte 'n gedeeltelike of volledige korting of terugbetaling van regte/heffings ontvang.
- » Met die hantering van bepaalde produkte, kan handelaars vereis word om as kortinggebruikers geregistreer te wees. Byvoorbeeld, met die hantering van spiritus vir gebruik in die vervaardig van industriële of nie-alkoholiese produkte, word registrasies vereis ingevolge die toepaslike kortingitem van artikel 6.

Die algemene notas tot artikel 6, omskryf duidelik die uitsonderings tot registrasie soos beskou in reël 59A van die wet vir goedere ontvang ingevolge korting of terugbetaling van heffing, ingevolge enige item van die artikel.

## Wat gebeur as jy nie aksynsvereistes nakom nie?

- » Boetes word gehef ingevolgte die wet.
- » Invordering van uitstaande regte, heffings en rente.
- » Met bepaalde produkte, kan retensieregte (SARS wat eienaarskap neem van eiendom totdat skuld betaal is) geplaas word op masjinerie en toerusting.

### Vir meer inligting, kan jy -

- » Die *Small Business*-blad besoek en verwys na die *Traders and Travellers* subblad.
- » Alternatiewelik, besoek die *Customs and Excise*-blad en kies *Excise* onder die *Customs and Excise*-blad kieslys op die SARS-webtuiste [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za)

**VRYWARING:** Die inligting in hierdie blaadjie vervat, is slegs as riglyne bedoel en word nie as regsverwysing geag nie, en is ook nie 'n bindende tariefbepaling of reël nie. Die inligting neem nie die plek van wetgewing in nie en lesers wat twyfel oor enige aspek van die inligting in hierdie blaadjie vertoon, moet na die toepaslike wetgewing verwys, of 'n formele opinie versoek van 'n geskikte, gekwalifiseerde individu.

# Kontak ons



## e-Kontak

Besoek die *Small Business*-blad op die SARS-webtuiste [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za).

Maak 'n afspraak op [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za).

SKANDEER MY



Volg ons op



2022